**Woensdag 1 Februarie**
**Skrifgedeelte: Eksodus 2:23 – 4:31**
**Fokusgedeelte: Eksodus 3:13-15; 4:2, 3, 11, 17, 20, 24-26**
**Eer die HERE én ook die dinge van die HERE!**

Hierdie maand konsentreer ons op hoe die HERE gemeenskap beoefen met sy kerk deur middel van sy verbond, wetgewing en die tabernakel. Dit handel oor die HERE en die dinge van die HERE. Die HERE en sy dinge hoort bymekaar. Dit moet onderskei word, maar mag nie geskei word nie. Ons mag nie ’n bespotting daarvan maak nie, maar moet dit juis eer!

Die *HERE* – Wie is Hy? Hy stel Hom op ’n besondere manier aan Moses voor as God die almagtige Heerser wat *is wat Hy is*. Hy is onveranderlik, betroubaar, blywend, ewig. Hy sluit ’n onveranderlike verbond met die uitverkorene. Dit wat Hy belowe het, staan vas in die verlede, hede en toekoms. Die gelowige – byvoorbeeld Abraham, Moses, Paul Kruger, ek en jy – kan altyd op Hom staatmaak.

Die *dinge* van die HERE – wat is dit? Volgens Psalm 24 en Johannes 1 is *alle dinge* dinge van die HERE. Ek en jy, Moses, Israel, heidene, sakramente, sang en lied, geld, goud, mielies, jou liggaam, ampsdraers, geloof – *alles* is van die HERE God.

Daar is ’n *gemeenskap* tussen die HERE en die dinge van die HERE. *Gemeenskap* beteken ’n samehorigheid tussen, ’n behorendheid tot mekaar, ’n deelneming aan mekaar se bestaan, en ’n verbintenis met mekaar. Maar alles gaan van God uit; deur Hom en tot Hom is alle dinge (Rom. 11:36).

Die dooie staf van Moses maak God lewend en weer dood. Is dit dalk ’n verwysing na die slangkop wat uiteindelik deur Christus vermorsel is? Die HERE beskik daaroor. Met die staf doen Moses wondertekens. Moses se hand was gesond, dan melaats, en weer gesond. Die hakkelende Moses word deur God bekwaam gemaak vir sy goddelike roeping. ’n Ander mens, kilometers verder, begin op God se bevel sy broer tegemoet te loop.

Op ’n besondere wyse dwing die HERE God sy verbondskinders om sý verbondsteken (besnydenis, later die doop) te dra en eeue later op sý manier Nagmaal te vier. Eer jý die HERE God en sy dinge soos wat Hy beveel het?

*Sing: Psalm 75-1:1, 4*

*Ds. AH Stavast (Arie) (emeritus)*